



SAKELIGA

INDEPENDENT BUSINESS COMMUNITY

EKONOMIESE OORSIG VIR SAKEBESLUITNEMERS



Die groot prentjie – April 2019

Hoewel Suid-Afrika gewoonlik as 'n ontwikkelende ekonomie beskryf word, is dit prakties sinvol om eerder aan Suid-Afrika te dink as 'n land wat – in ekonomiese terme – besig is om te de-ontwikkel.

In 'n de-ontwikkelende ekonomie sien ons neigings na 'n middelklas wat krimp, produkte en dienste wat minder volop en mededingend raak en swakker ontwikkelde voorsieningsnetwerke. Die gehalte van die staat se dienste bly afneem terwyl staatskorrupsie nie verminder nie. Radikale politiek vind 'n gunstige teelaarde.


Ten spyte daarvan moet sakelui maniere vind om gesonde sake te bedryf en 'n verdienste te maak. Die sleutel tot sukses in 'n de-ontwikkelende ekonomie, buite massa-kleinhandel, is om op laer volumes te kan oorleef. Hiervoor is taktieke soos nisprodukte en beskermde intellektuele goedere waardevol.

Verder moet daar teen daadwerklike risiko's verskans word. Dit beteken dat sake met die staat, wat gereeld swak betaal en gelaaide vereistes stel, versigtige oordeel verg. Sakelui moet oorweeg om afhanklikheid aan staatsbesigheid (en beleide soos BEE wat daaruit voortspruit) te verminder.


Sake- en ekonomiepaneelbord vir Suid-Afrika (April, 2019)

Hoe maklik/moeilik is SA handelstoestande?

● huidig • 1 jaar tevore




Is prysinflasie laag of hoog?




Is dit maklik/moeilik vir verbruikers en ondernemings om krediet te kry?




Hoe in staat (nie in staat) is SA ondernemings om hul werksmagte uit te brei?



Onder hoeveel finansiële druk verkeer die regering?



Is die Rand Sterk of Swak?




Bron: Macrobond, ETM Macro Advisors, Sakeliga

Suid-Afrikaanse ekonomie saamgevat

Hoofsaak: Handelstoestande bly baie moeilik en het in K1 2019 agteruitgegaan. Die lae vlakke van private vaste beleggings en vertroue duur voort. Die lae inflasiesyfer is relatief positief en bied effense verligting aan huishoudings.

Suid-Afrika: ETM - Leidende Ekonomiese Aanwyser

LEA gestandaardiseer (Groeigehalte, HH kredietgesondheid, Oorsese siklus, Y-kromme)




Bron: Macrobond, ETM Macro Advisors, Sakeliga

Ondanks 'n mate van herstel sedert 2016, bly ETM Macro Advisors se **SA Leading Economic Indicator (LEI)** onder neutraal, 'n teken van strammer saketoestande, swak arbeidsmarkte en 'n uitdagende verdienste-omgewing. Opwaartse momentum in die indeks het in K1 2019 vasgesteek, hoofsaaklik weens die agteruitgang in huishoudelike kredietgesondheid. **BBP-groei sal waarskynlik swak bly, terwyl beurtkrag goed moontlik 'n inkrimping in ekonomiese aktiwiteit in die eerste kwartaal kan beteken. Investeringsvlakke bly laag weens 'n voortgesette gebrek aan duidelikheid oor beleidshervorming.**

Inkomste en uitgawes van die SA regering

SA, Inkomste & uitgawes v.d. SA regering as % van BBP*




*Data is seisoenaangesuiwer en gladgestryk
Bron: Macrobond, ETM Macro Advisors, Sakeliga

Suid-Afrika se **begrotingstekort** het in K1 2019 toegeneem met dié dat belastinginsameling swak gebly en besteding weer tot bokant 31% van die BBP gestyg het. Dit het die lopende geannualiseerde tekort op sowat 5,5% te staan gebring, ver bokant die vooruitskattings deur nasionale tesourie. Die groei in belastinginkomste bly laer as verwag, nog 'n aanduiding van die swak toestande met betrekking tot vraag, indiensneming en verdienste. **Die regering handhaaf nou 'n volle dekade reeds 'n groot tekort, wat die staatsektor in 'n ál swakker finansiële posisie plaas en tot hoër belasting en groter belastingrisiko lei.**

Netto vaste belegging

Netto kapitaalvorming, Private Sektor vs. Openbare Sektor, Huidige pryse, ZAR




Bron: Macrobond, Sakeliga

Vaste investering word steeds oorheers deur die staat, wat geneig is tot grootskaalse korrupsie, verkwisting van hulpbronne en wantoedeling van kapitaal. **Sowat die helfte van alle netto vaste kapitaalinvestering word deur die staatsektor gedoen, wat wys hoe onwillig die private sektor geword het om hom tot langtermyn-investeringsprojekte te verbind.** Voordat dit vir inflasie aangepas is, is die netto investering deur die private sektor nou laer as wat dit 10 jaar gelede was. Ook is die investeringstatistiek vir die staatsektor misleidend. Weens verkwisting en tenderbedrog stem die geld wat werklik bestee is, nie met die reële waarde van kapitaalbates ooreen nie.

SA Breë Prysinflasie (Alsi uitg.) vs. VPI-inflasie

SA, Breë Inflasie*, ongeweeg 3m BG vs. VPI-inflasie, jtj %verandering
*ALSI, FNB HPI, PPI, VPI, 1/HG ZAR, MS/RGDP



Bron: Macrobond, ETM Macro Advisors, Sakeliga

Een positiewe faktor, ondanks moeilike sake- en ekonomiese toestande, is dat **inflasie** klaarblyklik nie 'n wesentliche bedreiging inhou nie. Dit beteken nie die lewenskoste vir die gemiddelde huishouding is nie klaar baie hoog nie, maar wel dat 'n mate van versigtigheid in die sentrale bank se bestuur van monetêre beleid en algemene versigtige bankbeleid meebring dat die vloei van krediet na die huishoudelike sektor, wat reeds diep in die skuld is, beperk word. Huisprysgroei op 'n jaargrondslag is in die lae enkelsyfers. **Beide VPI en breë inflasie bly binne die SARB se teikenband, wat die SARB ongeneë maak om koerse óf te verlaag óf te verhoog.**

Wêreldekonomie saamgevat

Hoofsaak: Aandelemarkte het tot dusver vanjaar skerp herstel. Ekonomiese groeperings in Europa en Asië is besig om stoom te verloor, wat 'n algemene besorgdheid oor 'n afplatting in wêreldwye groei aanwakker. Die vraag na goud lyk veerkragtig, wat positief is vir SA.

VSA se aandelebeurs (S&P 500)




Bron: Macrobond, ETM Macro Advisors, Sakeliga

Ná 'n onstuimige vierde kwartaal van 2018 waarin die **Amerikaanse aandelemark** met 20% gedaal het, het 'n enorme herstel, byna tot op vorige hoogtepunte, in die eerste kwartaal van 2019 gevolg. Die herstel bied aan beleggers 'n mate van hoop dat die Amerikaanse ekonomie veerkragtiger is as wat in 2018 gevrees is. **Die lewendigheid van die Amerikaanse aandelemark het vertrouensvlakke rakende ontluikende markte laat styg en Suid-Afrika word in 'n mate hierdeur bevoordeel. Ondanks swak plaaslike ekonomiese toestande het die land 'n effense invloed van beleggings op kort termyn ervaar, wat klaarblyklik gehelp het om die geldeenheid te bestendig.**

Europese sakesiklus

Europa, OESO leidende aanwysers



Bron: Macrobond, ETM Macro Advisors, Sakeliga

Die agteruitgang in die **leidende ekonomiese aanwysers van verskeie Europese lande** het in K1 2019 voortgeduur. Die tempo van die verlangsamings in Duitsland was taamlik ontstellend vir baie wat gedink het Duitsland kan die ander Europese ekonomieë ondersteun. Veral opvallend is hoe eenders die afname in sakebedrywighede oral in die streek was, wat dié verlangsamings toenemend vergelykbaar maak met die resessionêre tydperk van 2012/13. **Aangesien Europa 'n belangrike handelsvennoot van Suid-Afrika is, plaas die Europese verlangsamings ook 'n demper op plaaslike Suid-Afrikaanse groei. Die leidende Europese ekonomiese aanwysers toon nog geen vroeë tekens van 'n herstel nie.**

Goudprys


USD/fynons



Bron: Macrobond, ETM Macro Advisors, Sakeliga

Die **goudprys** beweeg nou al 'n aantal jare lank sywaarts sedert dit vroeg in 2016 skerp gestyg het. Die grafiek vorm 'n driehoekspatroon, wat op die mark se gebrek aan oortuiging oor die rigting van die goudprys dui. Oor die algemeen bly die goudprys egter sedert 2016 veerkragtig nadat dit sedert 2011 aansienlik gedaal het. Dit is selfs ook in 'n tydperk van stygende Amerikaanse rentekoerse, wat baie verwag het die goudprys sou afdruk. **Wat gee dit moontlik oor die wêreldekonomie te kenne? In 'n mate is dit 'n bevestiging van 'n verlies van vertroue in die herstel van die wêreldekonomie in die algemeen; dit kan ook 'n teken wees dat die vraag na goud aan die verbeter is. Die volgende groot beweging in goud sal vir Suid-Afrika en die rand baie belangrik wees.**

Asië, OESO leidende aanwysers



Bron: Macrobond, ETM Macro Advisors, Sakeliga

Die leidende ekonomiese aanwysers vir lande in Asië neig steeds laer, hoewel miskien met minder afwaartse stukrag. Dis nadat ekonomiese groei in Asië in die afgelope kwartale verlangsaam het. Die langamer groei is hoofsaaklik te wyte aan 'n verlangsamings in China se ekonomiese bedrywighede, deels weens 'n afname in die buitensporige groeikoerse van nuwe Chinese skuld. Asië was die afgelope kwarteeu die belangrikste aandrywer van wêreldgroeï; 'n verlangsamings in dié streek beteken dus die hele wêreld, Suid-Afrika inkluis, sal onvermydelik daardeur geraak word. **Die saamgestelde effek van 'n swak Suid-Afrikaanse ekonomie en 'n verlangsamings in wêreldwye ekonomiese aktiwiteit werk mee om die plaaslike ekonomie uiters traag te maak.**



Verslag saamgestel deur

Gerhard van Onselen
Senior Navorsers - Sakeliga

&

Russell Lamberti
Hoof - ETM Macro Advisors

